
Process Safety Beacon
Boodskap aan bedryfspersoneel
www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon

An AIChE Technology Alliance
CCPS Center for Chemical Process Safety
aiche.org/ccps

This issue sponsored by
ioMosaic®
Minimizing risk. Maximizing potential.®
www.iomosaic.com

# Gelyktydige operasies (SIMOPS)

Augustus 2023



*Figuur 1. Die platform waar die HCl lek gebeur het.. Vyftien sekondes later was die hele struktuur vol gas. (Ref CSB report No. 2021-01-I-TN)*

Een werker is dood den twee ander ernstig beseer nadat hulle van 'n 5 de vloer platform afgeval het. Hulle het met pype probeer afklim nadat hulle deur giftige soutsuurgas (HCl) oorval is. (Sien figuur 1) Daar is verskeie lesse te leer uit die insident. Hierdie Beacon fokus op slegs een: Gelyktydige operasies (SIMOPS of Simultaneous operations)

Die beseerde werkers was deel van 'n span wat besig was met herstel van insulasie op die 5 de vloer. Terselfdertyd was daar 'n ander span vakmanne wat met pypwerk besig was en boute vasgedraai het tot die regte torque. Hulle suurbestande pakke en vol gesig gasmaskers gedra om hulle te beskerm teen moontlike HCL gas lekke. Die werkspermit vir die insulasie span het slegs ontsnap gasmaskers en brand bestande oorpakke voorgeskryf.

## Het jy geweet?

- Gelyktydige operasies (SIMOPS) verwys na Werk wat gedoen word deur verskeie groepe, soos operateurs, vakmanne kontrakteurs en ander, gelyktydig in dieselfde area.
- Sekere bedrywe vereis dat SIMOPS meer aandag nodig het, soos byvoorbeeld diepsee olie platforms.
- Die mees waarskynlike tyd wanneer SYMOPS kan gebeur is gedurende aanleg afsluitings, soos in hierdie insident.
- Wanneer verskeie werkspermitte terselfdertyd uitgereik word, soos in die geval is daar meer gevare wat in ag geneem moet word.
- Die beste oplossing is om gelyktydige operasie (SIMOPS) sover moontlik te vermy. Dit kan gedoen word deur werk te skeduleer sodat so min as moontlik werk in dieselfde area gelyktydig gedoen word.
- As SIMOPS nie vermy kan word nie, moet die uitreikers van werkspermitte die interaksie tussen die werksgroepe in dieselfde area in ag neem.

## Wat kan jy doen?

- Werkspermitte moet gekoördineer word sodat aksie in konflik soos dreinering van vlambare stowwe en sweiswerk nie in dieselfde area op dieselfde tyd gedoen word nie.
- Gelyktydige operasies (SIMOPS) kan ook verwys na inbedryfstelling na 'n afsluiting. Oorweeg dit om werkspermitte op te skort totdat die eenheid veilig op lyn is.
- Een manier om SIMOPS te bestuur is om aktiewe werkspermitte in die selfde area saam te groepeer om mense bewus te maak van SIMOPS in die area.
- Selfs al is werk in dieselfde area nie in konflik nie, vereis dit meer aandag aan die risiko's met inagneming van beskermende klere, moontlike lekke en ander moontlike uniek probleme.
- As enige werk aan pype gedoen word, moet jy die moontlikheid van 'n lek in ag neem.
- Sien die Maart 2022 Beacon 'n ander insident waar verskeie kontrakteurs betrokke is.
- https://www.aiche.org/ccps/resources/process-safety-beacon/archives/2022/march/english

**Jy moet weet hoe verskillende take mekaar kan affekteer**

©AIChE 2023. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or +1 646-495-1371.